higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 2

(2020012)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel is verdeel in twee afdelings wat elk uit vrae oor die volgende onderwerpe bestaan:

   ONDERWERP 1 – Elemente en beginsels van grafiese ontwerp
   ONDERWERP 2 – Formele tekeninge en waarnemingsvaardighede
   ONDERWERP 3 – Lessenaarsetwerk ('desktop publishing') en digitaleontwerp-konsepte
   ONDERWERP 4 – Uitleg en tipografie
   ONDERWERP 5 – Fotografiese manipulasie
   ONDERWERP 6 – 3D-ontwerp
   ONDERWERP 7 – Multimedia
   ONDERWERP 8 – Voorleggingsanimasie
   ONDERWERP 9 – Realisering/Uitspeel en produksie

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Hierdie vraestel MOET IN KLEUR UITGEDRUK word sodat die grafika duidelik en sigbaar genoeg is vir studente om dit behoorlik te kan analiseer.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd om aan elke vraag te bestee.

7. Moet NIE dieselfde feite en voorbeelde vir verskillende vrae gebruik NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN woord of term vir elk van die onderstaande definisies deur 'n woord of term vanuit die lys te kies. Skryf slegs die korrekte woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

visuele kommunikasie; silhoeët; spektrum; abstrakte kuns; tipografie

1.1.1 'n Kunsvorm wat behels dat dele van voorwerpe weggeneem word om die wese van daardie voorwerp bloot te lê: ons herken dalk die voorwerp maar dit kan dalk vereenvoudig of oordrewe wees vir visuele trefkrag

1.1.2 Die gebruik van nieverbale taal: gebruik die elemente en beginsels van ontwerp om 'n boodskap aan 'n gehoor te kommunikeer op 'n manier wat woorde nie kan nie.

1.1.3 'n Reeks: die verstrooiing gekleurde ligte wat ontstaan as wit lig direk op 'n prisma of kristal geskyn word.

1.1.4 Ontwerp en voorkoms van gedrukte woorde op 'n bladsy

1.1.5 Iets donkers teen 'n ligte agtergrond: die detail van die persoon of voorwerp is nie sigbaar nie en ons sien slegs die buitelyne.

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Kontoerlyne: die lyne wat die driedimensionele vorm van die voorwerp illustreer; hierdie lyne wys die volume van die vorm

1.2.2 Storieborde: 'n reeks sketse wat iets uitbeeld wat verfilm gaan word

1.2.3 Ellipties: ovaalvormig, lyk soos 'n uitgerekte sirkel

1.2.4 Voorgrond: die deel van die kunswerk wat voorkom asof dit die verste vanaf die kyker is

1.2.5 Proporsionele verhouding: die relatiewe grootte van 'n voorwerp in vergelyking met dit self

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Wat is 'n titelbalk in terme van rekenaarsagteware wat vir grafiese ontwerp gebruik word? (2)

1.4 Pas elk van die beelde by die onderstaande lettertipeklassifikasie. Skryf slegs die letter van die klassifikasie (a–g) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

(a) Display
(b) Blackletter
(c) Sans Serif
(d) Script
(e) Serif
(f) Ornamental
(g) Slab Serif

1.4.1



1.4.2



1.4.3



1.4.4



Kopiereg voorbehou

1.4.5 

1.4.6 

1.4.7 

(7 × 1) (7)

1.5 Noem die VIER onmiskenbare voordele van digitale fotografie. (4)

1.6 Noem VYF soorte visuele elemente wat in multimedia-ontwerpe gebruik kan word. (5)

1.7 Wat is 'n SVE ('CPU')? (2)

1.8 Gee EEN woord vir elk van die volgende definisies deur 'n woord vanuit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.8.1–1.8.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

konseptualisering; voorproduksie; vertelling; naproduksie

1.8.1 Tegniek van om 'n storie te vertel soos dit gebeur

1.8.2 Uitdink van ontwerpe of idees

1.8.3 Die fase van 'n projek wat in die redigeringsateljee plaasvind

(3 × 1) (3)

1.9 Noem DRIE maniere van kleurgebruik wat 'n grafiese ontwerper in die uitvoering van sy/haar daaglikse aktiwiteite kan teëkom. (3)
[36]

VRAAG 2

2.1 Identifiseer die volgende TWEE kuns-en-ontwerpbewegings van die moderne era en noem DRIE basiese eienskappe wat elk defineer.

2.1.1



2.1.2



(4 × 2) (8)

2.2 Identifiseer elk van die volgende soorte fotografie en gee 'n rede vir elke antwoord:

2.2.1



2.2.2



2.2.3



2.2.4



2.2.5



2.2.6



(6 × 2) (12)

2.3 Identifiseer elk van die verpakkingsmateriale hieronder en bespreek of elkeen **(a)** herbruik en **(b)** herwin kan word.

2.3.1



2.3.2



2.3.3



2.3.4



2.3.5



(5 × 3) (15)

2.4 Bestudeer die onderstaande ontwerp en help die ontwerper met VYF basiese wenke om die uitleg daarvan te verbeter.



(5)

2.5 Identifiseer elke rekenaaronderdeel (hardeware) hieronder en noem die hooffunksie daarvan in 'n rekenaar.

2.5.1



2.5.2



2.5.3



2.5.4



2.5.5



(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 86

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 VOORLEGGINGSONTWERP

Hieronder is twee voorbeelde van pragtig ontwerpde en professionele skyfievertoningsjablone ('template') wat gekoop kan word op *www.creativemarket.com.*





Konseptualiseer en illustreer (per hand) 'n stel van SES fopskyfies wat deel vorm van 'n skyfievertoningsontwerp wat op Creative Market verkoop sal word.

Teikenmark: Kreatiewe besigheidseienaars wat dit van jou sal koop en aanpas vir hul voorleggings aan hul kliënte.

- Teken ses blokkies in die ANTWOORDBOEK.
- Elke blokkie moet 8 cm wyd en 6 cm hoog wees.
- Die hele stel (al ses skyfies) moet dwarsdeur 'n eenvormige ontwerp en styl hê.

Styl: Kreatief en innoverend; jeugdig

Opdrag: Inhoud van skyfiesjabloon (templaat)

Skyfie 1 – Titelskyfie: grafika beslaan die grootste deel van die skyfie; sluit die volgende in: • Titel • Subtitel • Aanbieding deur: • Maatskappy se logo	Skyfie 2 – Verwelkomingskyfie • Titel: Welkom-boodskap • Paragraaf met plekhouerteks
Skyfie 4 • 'n Skyfie met plek vir VIER beelde en onderskrifte	Skyfie 3: • Skyfie wat 'n groot prentjie of grafika sal ophê • Titel • Paragraaf met plekhouerteks
Skyfie 5 Skyfie met uitleg wat nuutste projekte opsom: • Plek vir 3 fotos • Titel • Paragraaf met 3 koeëlpunte ('bullets') in plekhouerteks	Skyfie 6 – Afsluitingskyfie • Skyfie waarvan uitleg in vertikale derdes verdeel is

Punte sal toegeken word vir kreatiwiteit, sowel as die korrekte uitvoering van die opdrag. (16)

3.2 PLAKKAATONTWERP

Plakkate moet aandag trek met 'n sterk visuele stelling en moet belangrike inligting met een oogopslag kommunikeer.

'n Goeie plakkaatontwerp prioritiseer inligting op 'n visuele manier wat die volgorde van belangrikheid duidelik wys. Die belangrikste inligting sal die grootste wees en moet jou oog eerste vang. Minder belangrike inligting sal kleiner en nader aan die onderkant van die ontwerp wees.

Voorbeelde:









Ontwerp 'n handgetekende fopplakkaat van 'n gebeurtenis:

1. Gebruik 'n hele A4-bladsy in die ANTWOORDBOEK om die plakkaat te ontwerp.

2. Inligting wat op die plakkaat moet verskyn:

   Naam van gebeurtenis: Die somer is verby
   Datum: 25 September

   Met die volgende platejoggies as hoofvermaak:
   DJ Viviaan
   DJ Nova
   DJ Marcus

   Organiseerder se logo:
   Remixclub
   bied aan

   Kaartjies teen $20
   Deure open 22pm
   Skemerkelkuur ('Happy Hour') 24pm
   Hoek van Express en Vyfdelaan, 30499

3. Gebruik kreatiewe visuele en grafiese elemente en idees om die plakkaat interessant te maak. Dit kan insluit patrone, illustrasies, foto-idees, ens.

4. Dui die inligting duidelik in logiese volgorde aan. Die belangrikste inligting moet die grootste wees, ens.

   Punte sal vir kreatiwiteit toegeken word, asook die korrekte uitvoering van die vraag. (10)

Kopiereg voorbehou

3.3 ONTWERPEVALUASIE

Bestudeer die fotografiese kunswerk hieronder en pas die metode toe wat jy in Grafiese Ontwerp Vlak 2 geleer het vir die evaluasie van 'n ontwerp. Onthou om die stappe te benoem volgens die evaluasiemetode.

Comment [CJ1]: In the English QP this word is written as: evacuation. I assume this is a typing mistake and "evaluation" was rather meant? If it is indeed "evacuation", it should be translated as: ontruimingsmetode.



(4 × 2) (8)
[34]

TOTAAL AFDELING B: 34
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou